Resensies / Reviews

SCHLEIERMACHER, F. 1990 Over de religie: Redevoeringen tot de ontwikkelden onder haar verachters. 's Gravenhage: Meinema. (Vertaling A.A. Willems). 206 p. Prys R50,06.

Resensent: J.H. van Wyk (Dept. Dogmatologiese Vakke, HTS/PU vir CHO)

Die Duitse teoloog en leermeester van Karl Barth, Wilhelm Hermann, het Schleiermacher se *Reden* die belangrikste geskrif genoem wat naas die Nuwe Testament in die kerkgeskiedenis verskyn het. Barth self het beweer dat die Reden van 'geweldige hoogte' is en dat Schleiermacher die kerkvader van die negentiende – en miskien selfs van die twintigste – eeu genoem sal word. En tog is Schleiermacher veral vir sy (vermeende) subjektivisme deur talle teoloë skerp gekritiseer en verwyt dat hy teologie in antropologie verander het.

Wie die *Redevoeringe* (1e uitgawe) deurlees, stel homself inderdaad die vraag of dit nog teologie is. Die woord *God* word immers baie seldsaam gebruik terwyl die begrip *godheid* veelvuldig voorkom. Schleiermacher – hy was toe 31 jaar – wil aantoon dat geloof en religie alles te make het met die eie ervaring van die mens. Religie vorm 'n aparte gebied in die gemoed van 'n mens en niks anders behalwe religie kan aan 'n mens daardie spesiale oerverbondenheid met die oneindige gee nie (40). Die wesenskern daarvan, merk Willems in sy voorwoord op (13), bestaan uit 'n intuïsie of kontemplasie van die oneindigheid in die eindige en 'n daaraan korresponderende gevoel van vervuldheid. Die uitgangspunt en grondvorm van elke teologiese leeruitspraak is die onmiddellike selfbewussyn van die gelowige mens; daarin is die gevoel van onvoorwaardelike afhanklikheid dominant (14-15).

In die eerste redevoering of *Apologie* gaan Schleiermacher in op die kritiese vrae wat vanuit die skeptiese filosofie (Kant en Fichte) en romantiek oor religie gestel is. Hy toon aan dat die kritiek bykomstighede en toevallige historiese verskyningsvorms raak maar nie die wesentlike religie nie. Die kern van religie – wat van moraal onderskei moet word – bestaan in die onmiddellike gevoel van die oneindige en ewige. 'Waar religie werklik aanwesig is moet dit so aan die lig tree dat dit op 'n spesifieke manier die gemoed in beweging bring ... en alle aktiwiteite oplos in 'n bewonderende aanskouing van die oneindige' (35). Die oorspronklike aanskouing van die universum moet vitaal genoeg wees om homself tot sentrum van 'n mens se religie te maak – 'n sentrum waaromheen alles beweeg (174).

Die tweede redevoering behandel die *wese van die religie*. Hy toon aan dat die wese van religie nie in denke en handeling geleë is nie maar in aanskouing en

gevoel; religie wil in die mens nie minder as in alle afsonderlike en eindige dinge die oneindige sien, die afdruk en die realisering daarvan (51). Religie is gevoel en smaak vir die oneindige, heimwee na die oneindige (52). Aanskouing van die universum is die algemeenste en mees verhewe formule van die religie (53, 87). Schleiermacher beskryf dan die saamgaan van aanskouing en gevoel op so 'n wyse (62) dat hy van panteïsme beskuldig is. In die religie gaan dit om die verruiming van ons persoonlikheid sodat dit langsamerhand opgaan in die oneindige en ons deur die aanskouing van die universum soveel moontlik 'n eenheid daarmee gaan vorm (90). Die doel van religie is om die wêreldgees lief te hê en vol vreugde sy werke te aanskou (65).

Aan die einde van hierdie rede gaan hy in op vrae rondom dogmas, wonder, openbaring, inspirasie, profesie, genade, geloof, Skrif, God, onsterflikheid – vrae wat hy op 'n unieke wyse beantwoord. Hy merk byvoorbeeld op dat nie diegene wat aan 'n heilige skrif glo oor religie beskik nie, maar diegene wat dit nie nodig het nie en in staat is om self een te vervaardig (85). Religie is nie afhanklik van God as hoogste wese nie (87) en die godsidee staan daarin nie hoog aangeskrewe nie (89).

In die derde redevoering word aandag bestee aan die *vorming van religie*. Religie is volgens hom aangebore (101) en moet van binne-uit kom (99). Religieuse onderrig is dus absurd. Rasionalisme en utilisme verwring ware religie wat daarop ingestel is 'om die oneindige ... in die eindige (102) ... waar te neem' (98) en ingestel is op die gevoel van die oneindige in elke mens (113).

Redevoering vier bekyk die *gemeenskapskarakter van religie (of oor kerk en priesterskap)*. Religieusiteit lei tot gemeenskapvorming, want wat iemand ten diepste beweeg, moet hy met ander deel (125). Schleiermacher lewer skerp kritiek op die bestaande volkskerk wat mense passief en gevange hou aan meganiese rituele en lewelose leerstellings (143) sodat die meeste kerklidmate nog nie religie ontdek het nie. Kerk en staat behoort radikaal geskei te wees en die kerk vry van staatsinmenging (143, 147). Ook priester en moralis moet apart bestaan (146). Kerkskeuring en sektarisme word streng afgewys (148). Hoe digter iemand aan die universum nader, hoe meer iemand homself aan 'n ander gee, des te volmaakter word hulle één (152).

Die vyfde en laaste redevoering handel *oor die religieë*. Die veelheid van kerke word veroordeel maar nie die veelheid van religieë nie (158). Natuurreligieë word afgewys (177), verstandsreligieë bevraagteken en die positiewe religieë (veral Jodendom en Christendom) beaam. Die Jodendom, met as kern die idee van vergelding (182), beskou hy egter as 'n dooie religie (181); die geloof aan 'n messias was hulle laaste vrug (183). In die Christendom het ons met die diepste en hoogste aanskouing van die universum/oneindige te doen. Die Christendom polemiseer skerp na buite én na binne teen onreligieusiteit en vir religieusiteit

(185-187). Alle gewaarwordinge van die gemoed en alle handelinge moet begelei word met religieuse gevoelens en insigte (187). Al die eindige het egter bemiddeling nodig om tot verbondenheid met die godheid te kom (189). Die bemiddelende moet deel hê aan die goddelike natuur en aan die eindige – en so verskyn die naam van Christus op die toneel (189). Hierdie bemiddelende funksie word deur "n heilige gees' as etiese middelaar en deur "n heilige skrif' as logiese middelaar voortgesit (191). Hierdie 'heilige skrif' belet egter geen ander boek om bybel te wees of te word nie (191). Elke positiewe religie asook sy vormgewing is verganklik (192). Schleiermacher verwerp die uniekheid van die Christendom as despotisme en daarmee ook uniformiteit in religie; "die universum moet op alle moontlike manier aanskou en aanbid word" (193).

Die boek is deur die vertaler van 'n nuttige *inleiding en bronverwysings* voorsien wat dit 'n uiters bruikbare gids tot die studie van Schleiermacher maak. Op hierdie wyse word die dikwels moeilik verstaanbare teks van die *Reden* meer toeganklik vir studente en navorsers. Kennis van Schleiermacher is immers onontbeerllik vir 'n juiste verstaan van die twintigste-eeuse teologie.

BREMMER, R.H. 1991 In gesprek met oudere en nieuwere theologen.
Kampen Kok 120 p Prys R38.57

Resensent: J.H. van Wyk (Departement Dogmatologiese Vakke, HTS/PU vir CHO)

Bremmer is 'n begaafde dogmatikus en is veral bekend vir sy boeiende proefskrif oor *Herman Bavinck als dogmatikus* (1961). Tans het hy weer 'n uiters lesenswaardige geskrif aan ons voorgelê. Hy behandel agtereenvolgens die nuwere teologie, die gereformeerde belydenis aangaande die Heilige Skrif, die debat oor die uitverkiesing en ten slotte die gesprek oor die kerk en verbond.

In die eerste hoofstuk behandel Bremmer die nuwere teologie. Hy gee aandag aan Bultmann se ontmitologiseringsprogram, Bonhoeffer se herinterpretasie van die evangelie, Sölle se horisontalistiese benadering, Tillich se eksistensiële en Robinson se horisontalistiese opvatting, die God-is-dood-teologie (Altizer) (wie se teologie lankal dood is!) en Kuitert se ervaringsteologie. Bremmer som die grondmotiewe van die nuwere teologie soos volg op (34-36, 112): die *veranderde wêreldbeeld*; die *veranderde Godsbeeld* (verwerping van sy transendensie); en 'n *veranderde mensbeeld* (sy mondigheid en verantwoordelikheid).

Ewe boeiend is hoofstuk 2 waarin die vraag beantwoord word of die gereformeerde belydenis aangaande die Heilige Skrif verouderd is. Hy bespreek Calvyn se skrifleer en wys daarop dat Calvyn veel vrymoediger met die Skrif omgegaan het as wat die geval was met die teoloë uit die tyd van die gereformeerde skolastiek (toe 'n groot verstarring ingetree het) (40). Ook Bavinck het met sy siening

van organiese inspirasie, waar aan die mens sy regmatige plek by die teboekstelling van die Skrif toegeken is, "een geweldige verruiming" in sy tyd teweeggebring (45). Die gesag van die Skrif kan slegs gehandhaaf word in samehang met 'n lewende geloofsband met Christus (46-47). Vervolgens word onder andere die fel diskussie tussen H.H. Kuyper en S. Greijdanus oor die getuienis van die Heilige Gees ten opsigte van die Skrif bespreek, waar Kuyper (soos sy vader A. Kuyper) 'n veel meer subjektiewe standpunt ingeneem het. Bremmer wys ook op nuwe vrae wat rondom die Skrif na vore gekom het, veral rondom heilsgesag en formele gesag (Berkouwer, Buytendach) en oordeel dat 'n eensydige konsentrasie op die heilsgesag die Skrifopenbaring aangaande die skepping tersyde kan skuif (55-56). Ten slotte word Kuitert se Skrifleer krities ontleed.

Die derde hoofstuk bekyk die debat rondom die uitverkiesing, met besondere aandag aan die leer van die dubbele predestinasie. Barth se (Christologiese) uitverkiesingsleer word oorweeg asook die reaksie hierop van die kant van Nederlandse teoloë (Van der Zanden, Woelderink, Dijk). Belangrike aspekte wat ter sprake kom, is die vraag of daar 'n dekreet van God aan die uitverkiesing voorafgaan, of daar van 'n volgorde in die dekrete van God sprake kan wees, of daar 'n dekreet van verwerping is (wat Woelderink ontken het, 67) en die plek van Christus in die verkiesingsleer. Opvallend is dat á Brakel die verkiesing kan beskryf sonder om Christus te noem (69). Calvyn se verkiesingsleer het 'n ontwikkeling deurgemaak waarmee deeglik rekening gehou moet word. Die debat rondom en kritiek op die Dordtse leerreëls (Berkouwer) word ook van naderby bekyk. Bremmer het waardering daarvoor dat die Dordtse leerreëls daarteen gewaak het om van die verkiesing 'n leë soewereiniteitsbesluit te maak (81) en dat in die epiloog 'n parallelisme tussen verkiesing en verwerping afgewys is (*non eodem modo*) (82). Bremmer beskou dit as wins dat Christus sentraal geplaas word in resente diskussies oor die uitverkiesing (114).

In die laaste hoofstuk word verbond en kerk in ekumeniese perspektief behandel. Eers word Calvyn se kerkleer onder die loep geneem en tereg word die aandag gevestig op Calvyn se ywer vir sigbare kerkeenheid (92). Calvyn het nie die eenheid van die kerk in 'n onsigbare geloofseenheid laat opgaan nie, hoe belangrik dit ook al was. Ná die Reformasie tree egter 'n volkome nuwe situasie na vore toe daar onder gereformeerde kerke verbrokkeling intree en die eenheid al meer in 'n geestelike eenheid – téénoor institutêre eenheid – gesoek word (93). Hierdie standpunt van gesonde en Godgewilde pluriformaiteit is veral deur A. Kuyper, en in 'n mindere mate deur H. Bavinck, teologies geyk (96-97). Tereg merk Bremmer hier op:

> De beoordeling van de verdeeldheid der kerk onder het gezichtspunt van een pluriforme ontwikkeling met behoud van een spirituele eenheid, is een typisch negentiende-eeuws denkpatroon (98).

En hy kon bygevoeg het: 'n tipies onskriftuurlike denkpatroon! Wie die bestaan van die kerk in sigbare strukture laat opgaan (strukturalisme), fouteer, maar wie die strukturele dimensie van kerkwees ontken (spiritualisme), fouteer eweneens. Kortliks word ook die standpunt van Hoedemaker (reformeer van binne-uit) gereleveer asook dié van Honig en H.H. kuyper.

Met Schilder breek egter 'n nuwe lente aan en word 'n nuwe geluid hoorbaar as hy met sy dinamiese kerkbeskouing die pluriformiteitsgedagte verwerp (teenoor Hepp) en dit weer vir die *sigbare* eenheid opneem maar dan gebou op die waarheid (106,109) – 'n standpunt waarmee Bremmer saamstem, terwyl laasgenoemde ook die besluit van Sinode van Leeuwarden 1990 van die 'Vrygemaakte Gereformeerde Kerke' toejuig omdat deputate vir kerkeenheid benoem is (111).

Dit is uit bostaande duidelik dat Bremmer aan ons 'n uiters aktuele boek gelewer het. Wie hom vinnig in die bogenoemde diskussievelde wil oriënteer, kan met vrug hierdie publikasie gebruik. Vir teologiese studente en predikante bied dit belangrike agtergrondmateriaal asook behartigenswaardige wegwysers.

TE VELDE, M. 1992. Gemeente Opbouw 1 & 2. Doelgericht en samenhangend werken in die Christelijke gemeente. Barneveld: De Vuurbaak. 96 p.

Resensent: C.J.H. Venter (Dept. Diakoniologie; PU vir CHO)

Die begrip *gemeente-opbou* het in 'n sekere sin en in besonder die afgelope tien jaar die terrein van Diakoniologie en Praktiese Teologie oorheers. In die debat oor die saak van gemeente-opbou loop die paaie nogal uiteen. Daar is ook by ons sommige wat praat van gemeente-opbou as 'n nuwe 'truuk' van jonger predikante, en ander wat geesdriftig raak oor gemeente-opbou.

In hierdie verband is dit nogal veelseggend dat die GKN (Vrygemaak) 'n leerstoel (in kombinasie met Ekklesiologie) vir die vak gemeente-opbou geskep het met prof. M. te Velde as dosent. Vanuit hierdie rigting sou mens dus 'n deeglike en veral 'n Skrifgefundeerde visie op die saak van gemeente-opbou verwag. Hierdie verwagting word nie teleurgestel nie. Die breë indeling van hierdie boek sluit in: " 'n Inleiding tot die saak van gemeente-opbou" (hf.1), "Is gemeente-opbou 'n nuwe term vir 'n nuwe vak" (hf. 2), "Die beperkings en risiko's van gemeente-opbou" (hf. 3), "Gereformeerde gemeente-opbou – waarom?" (hf. 4) terwyl in hoofstuk 5 'n taalstelling van die vak gemeente-opbou gegee word terwyl in hf. 6 ingegaan word op die funksie van die sogenaamde menswetenskappe en organisasie in die kerk. Hoofstuk 8 word gewy aan planmatige en doelgerigte opbouwerk in die gemeente terwyl die slothoofstuk fokus op die feit dat die stel van 'n visie vir 'n gemeente onontbeerlik is vir die aksie van gemeente-opbou.

Dat Te Velde hier sake van kardinale belang vir gemeente-opbou aansny, is meer as duidelik. Wat opvallend is, is dat hy telkens met bepaalde vrae oor en vooroordele teen gemeente-opbou na die Bybel gaan om antwoorde te vind. 'n Pluspunt van die werk is dat 'n gesonde balans vertoon word. Die outeur hardloop nie weg met die saak van gemeente-opbou nie – asof dit 'n nuwe gier is en asof alles in 'n gemeente nou net daarvan afhang of daar 'n sterk gemeente-opbouprogram deurgewerk word aldan nie. Aan die ander kant ontmasker hy ook 'n gesindheid van 'slaan dood alles wat nuut is' as heel onrealisties.

Die hoofaksent in hierdie werk is dat opbouwerk deur die eeue heen in die kerk plaasgevind het deur die verskillende gestaltes van Woordbediening, maar dat Skrifondersoek taan en dat ons tyd vereis dat gemeente-opbou doelgerig, met bepaalde doelwitte en vanuit 'n bepaalde visie op die gemeente vanuit die Skrif moet plaasvind.

In die tweede band met as titel: *Gemeente-opbouw 2 – Bijbelse basis – principes voor het functioneren van de christelijke gemeente* (1992) ondersoek Te Velde funderende dimensies van gemeente-opbou. Hy stel in agtereenvolgende hoofstukke die volgende aan die orde: die plek, basis, doel, taak, norm, die hart, funksioneringswyse, asook die plek van gawes en ampte in die aksie van gemeente-opbou. Besonder verhelderend is die model wat hy ontwerp vir die verskillende aspekte van gemeente-opbou. Die binneste sirkel is die kerkdiens, die middelste sirkel die wyer gemeentelewe (katkisasie, Bybelstudie, wyksby-eenkomste ens.) terwyl die wydste sirkel die wêreld omvat en dus die toerusting om as gelowige in die wêreld te leef en te werk.

Die prinsipiële uitgangspunt is dat die prediking van die Woord in sy verskillende gestaltes die kragtigste middel is om die gemeente op te bou.

Die oorheersende indruk in albei hierdie werke is dat Te Velde primêr vanuit die Bybel wil besin oor gemeente-opbou. Hierdie aspek verdien waardering. Dit is egter inderdaad so dat meer dieptesnitte van toepaslike Skrifgedeeltes die waarde van hierdie boeke verder sou verhoog het.

As gebalanseerde en Skrifgefundeerde besinning met 'n gesonde openheid na kerkwees in ons tyd wil ek hierdie twee geskrifte sterk aanbeveel by alle predikante en lidmate – of hulle nou vir of teen gemeente-opbou is!

VAN DER WALT. P.D 1992. G. Dekker – Christen-literator
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 77 p. Prys R8-00.

Resensent: P.W. Buys

Die verskyning van hierdie mooi, piëteitvolle studie sal vir alle liefhebbers van die Afrikaanse letterkunde, en veral vir die oud-studente van professor Gerrit Dekker, 'n baie welkome gebeurtenis wees.

Die boekie bestaan, benewens 'n "Inleiding" en 'n "Lys publikasies", uit agt hoofstukke onder die volgende opskrifte:

1. Deur die lens van herinnering.
2. Intreerede: manifes vir 'n loopbaan.
3. Die daad by die woord: publikasies.
4. Die Calvinis en die kuns.
5. In die werkswinkel van die vakman: Dekker as kritikus.
6. Voorsitter van die Publikasieraad.
7. Neweprodukte.
8. Lewenseinde.

In die Inleiding sê die skrywer dat net die punt van die sluier op een faset van Dekker se veelsydige lewe gelig word: "Christenliterator, reformator in sy eie besondere arbeidsveld" (1).

Die skrywer noem hierdie biografiese studie 'n sketsmatige portret (2) en maak die suggestie dat daar later hopelik " 'n omvangryker, indringer (sic) en volledige studie wat ten volle reg sal laat geskied aan die besondere figuur" (1) van Dekker geskryf sal word. Ek wil hierdie suggestie van harte onderskryf.

Van der Walt slaag uitnemend daarin om in agt bondige hoofstukke die persoon en werk van Dekker voor 'n mens se geestesoog te laat herleef – as "gesaghebbende literatuurwetenskaplike" en as "onvergeetlike en indrukwekkende dosent" (3)

Omdat van der Walt self van BA I tot doktorsgraad vlak 'n student van Dekker was, het hy veral in sy nagraadse studie, geleentheid gehad om in noue kontak met sy leermeester te verkeer. Hy vertel plasties van die honderhoude, tentamina en gedeë mondelinge doktorlae eksamen in daardie gedugte studeerkamer met sy dubbele boekrakke van die vloer tot die plafon – so plasties dat 'n mens by die

lees daarvan iets begin ruik van die swaar siggaarreuk wat altyd daar hang, terwyl mevrou Dekker te goeder ure met "lawende koffie" (6) daar binnekom.

Uit hierdie biografiese skets verrys die groot gestalte van Dekker voor die oë van die leser as briljante dosent en leermeester, as skerpsinnige literator met 'n indrukwekkende lys publikasies agter sy naam, deurgaans op hoë peil, as kunsfilosoof wat indringend besin het oor byvoorbeeld die moeilike vraagstuk van die Calvinis en die kuns. Jy sien hom deur die oë van die skrywer as 'n kritikus van formaat met sy helder, nugter, ewewigtige oordeel. En eindelik as voorsitter van die Publikasieraad wat veilig tussen die Scylla en Charibdis van die vryheid en gebondenheid van die kuns deurstuur.

Die leser word ook 'n interessante kykie gegee in die neweprodukte van Dekker se arbeid: In die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikaanse Psalmberyming, die Nederlands-Suid-Afrikaanse Vereniging, die bevordering plaaslik en landswyd van die beeldende kuns en die musiek.

Die verhaal sluit met die raak mededeling: "In sy lewe het hy nie net 'n legende nie maar ook 'n kanon geword – en beide het hom ewe ongesteurd gelaat" (47).

Die lys van publikasies deur en oor Dekker wat 'n indrukwekkende 25 bladsye beslaan, is deur Leendert Dekker versorg. Dit is vir studente van die Afrikaanse letterkunde 'n onmisbare vraagbaak.

Aan die negatiewe kant: die skrywer het 'n swak voorbeeld gekies om breedvoerig te illustreer hoe die vakman Dekkker in sy werkswinkel te werk gegaan het. "Kindergraffies" (33) is beslis nie Totius op sy beste nie – en Dekker se evaluering daarvan is beslis nie Dekker op sy beste nie.

Daar hang 'n Roomse luggie rondom die mededeling dat Dekker na 'n "lyksrede" (47) begrawe is – heeltemal strydig met artikels 65 van die Dordste Kerkorde.

'n Mens wonder wat sou die uiters noukeurige Dekker gesê het oor al die skryf- en setfoute in hierdie bundel oor hom. Dit is jammer dat die proefleeswerk nie noukeurig gedoen is nie, omdat die gebrek aan eindversorging tog die waarde van die publikasie skaad. (Op p. 23 alleen kan byvoorbeeld 5 foute aangestip word!)

Ek beveel hierdie publikasie baie sterk aan by almal wat by Dekker klas geloop het, en belangstel in die Afrikaanse letterkunde in die besonder, en in die Calvinisme en die kuns in die algemeen.